

## Hebreër 4:14-16 Invokavit 14 Febr 2016

*Heb 4:14 Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.*

*Heb 4:16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.*

Heb 4:14 Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.

Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.

Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat

(1) ons barmhartigheid kan verkry en

(2) genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

### Beskrywing van die ware Hoëpriester:

- het deur alle hemele deurgegaan (in God se teenwoordigh.)
- het 'n naam: Jesus, die Seun van God
- het medelye met ons (solidariteit en deelname)
- is in alle opsigte versoek
- is sonder sonde (kwalifiseer om as versoenner op te tree)

### Wat staan ons om te doen?

- Laat ons aan die belydenis (geloofsinhoud) vashou
- Laat ons met vrymoedigheid gaan ...
  - sodat ons genade mag vind
  - sodat ons op die regte tyd gehelp sal word.

Liewe medegelowige,

het jy al gewens dat iemand jou verstaan? Of omgekeerd: Het jy al gevrees dat iemand jou verstaan?

Aan die eenkant - die wens dat iemand sal verstaan wat ek bedoel? Daar sê die vrou vir haar eggenoot: asblik! En die man dink: wat het ek nou al weer gedoen? Die vrou neem aan: 'n goeie begryper het 'n halwe woord nodig, maar hierdie man van my weet nooit wat ek bedoel nie. / Of die man kom moeg van die werk en sê niks nie. En die vrou gee hom 'n piksoentjie en vra: hoe was jou dag? En die man antwoord: ag, jy sal buitendien nie verstaan nie.

So weet ons dat goeie kommunikasie een van die belangrikste bestanddele is van 'n resep vir 'n gelukkige huwelik. Maar ek dink ook aan diegene wat in die hospitale lê en vrae het: sal die operasie goed afloop? Sal ek weer my werk kan doen? En 'n besoeker kom en met goeie bedoelings en kikker hom/haar op: toemaar alles sal reg kom! En die pasiënt dink net: as jy maar net sou verstaan?

Wie al met verslaafdes te doen gehad het, weet dat begrip vir 'n verslaafde uiters belangrik is. As jy nie verstaan wat beteken bv verslawing aan alkohol, en jy gee bevels en kerm en kla, sal die verslaafde 'n muur om homself bou en waarskynlik aggressief optree. Dit kan 'n verskriklike worstelstryd wees vir iemand wat vasgevang is in die mag van versoeking om net nog een slukkie te vat, net nog ene ... Gewoonlik vat dit iemand wat self verslaaf was om iemand te begelei wat in verslawing vasgevang is. As jy verstaan, gaan die deure oop, ontspan die ander persoon, vind kommunikasie baie makliker plaas. Wie sal my diepste wese verstaan? (Terwyl ek soms myself nie eers verstaan nie)

Aan die anderkant: sê nou maar net, iemand verstaan regtig my innerlike wese. Is dit nie gevaarlik nie? Sal ek myself nie blootstel nie, sal iemand my dan kan manipuleer en beheers? En die vrees maak dat ons dikwels eerder toneelspeel, liewers net opervlakkig "small talk" handhaaf en wegstroom van ander mense.

Ons brief aan die Hebreërs wil by uitstek bemoedig, vertrous en versterk. "Liewe mense" sou ek skryf: "moenie wegstroom nie! Kom met vrymoedigheid! Wees openhartig en maak julle harte wyd oop!" Want ons is God se uitverkore volk; ons is God se oogappel met wie Hy 'n besondere pad wil loop. Ja, julle trek swaar. Ja, julle word as Christene in die samelewing benadeel. Ja, soms word julle ook uitgejaag omdat julle Christene is. Ja, dis soms baie swaar om Christen te wees want dit lyk asof niemand julle verstaan nie. Julle sukkel met woorde, en dit blyk makliker te wees om stil te swyg eerder as om vir jou saak op te staan.

**Maar hou moed!** Julle is ingebed in die gemeenskap met Christus en met alle medegelowiges. Hou moed want daar is iemand wat jou deur-en-deur verstaan. Daar is iemand wat presies weet wat jy deurmaak. Dit is Hy, Jesus Christus, in wie se Naam jy gedoop is en wat jou verlos het om uit te staan bo die res.

Nee, moenie sê: Jesus het nooit kinders groot gemaak nie - hoe sal Jesus weet wat stres met kinders beteken? Moenie sê: Jesus was nooit verslaaf nie - hoe sal Hy weet wanneer intense "cravings" jou hele liggaam ruk? Moenie dink: Jesus het nooit sy werk verloor nie - hoe sal finansiële verknorsing verstaan of op die punt staan om huis en besittings te verloor? Moenie stilstaan by jou opvatting: Jesus weet nie wat dit beteken om erotiese verleiding te deurstaan, of die versoeking om jouself wederregtelik te verryk nie. Jy mag redeneer: Nou goed, Jesus was dalk ook op 'n stadium bietjie depressief - daar in die tuin van Getsemane - maar hoe sal ek weet dat Jesus weet wat verpletterende neerslagtigheid beteken? Wat help dit my?

**Jesus ken alle versoekinge!** Hy ken jou diepste wese, al jou gedagtes, elke emosie, alle vreugdes en alle leed. Dit Hy, en net Hy alleen wat in alle opsigte met jou kan solidariseer. Hy verstaan!

Dit is die eerste rede waarom Hebreërs sy lesers aanmoedig om hul'self aan Jesus toe te vertrou. Jy kan gerus alles vir Hom verstel, want Hy weet buitendien alles en Hy het dit alles deurgemaak.

Maar nou die volgende stap: **Hy wil jou daar deur help**, deur alle versoekinge, deur alle vreugdes en leed heen na die heerlikheid van God. En dit is Hy, en Hy alleen, wat by magte is om vir jou en my by die hemelse Regter in te staan. Ja, vir elke oortreding, doelbewus of onbewus, met versagtende omstandighede of duidelike getuigenis - vir elke sonde volg God se oordeel en verdoemenis. Dit is waar, ja, dat wanneer my gewete my aankla en die goddelike gebooi my verlore toestand uitlig, dat die hemelse Regter alle reg het om my van Hom af weg te wys na die helse porte wat vir die duiwel en sy engele voorberei is. En nogtans staan hier iemand op wat uitroep: Halt! Ek het vir daardie sondes geboet! Ek het reeds die rekening vereffen. Ek het aan die kruis die straf verduur. Hierdie kind van God is vry, los en ledig van alle sondes. Ek tree vir hom/haar in en Ek spreek hulle vry! **Dit is hierdie Jesus wat die laaste sê het, wat vir ons intree as ware Hoëpriester.**

Immers, dit was die funksie van *die priesters* van ouds in Israel, dat hulle namens die volk intree by God, versoeningsoffers bring, en die seën en genade van die Here weer na die volk toe bring.

Jy mag dalk vra, waarom kwalifiseer juis Jesus as die Hoëpriester wat waardig is om direk tot God te nader? Wat maak *Jesus Christus* besonders teenoor ander godsdienstige leiers of gurus, buddah of hoe ons hulle ook al noem? Hebreërs gee drie antwoorde:

(1) Ten eerste is Hy van God self gestuur as die *Seun van God*. Hy verteenwoordig God se missie op aarde.  
(2) Maar ten tweede het Hy in alle opsigte aan mense gelyk geword. Soos reeds gesê het Hy alle menslike bestaan aan sy eie liggaam ervaar - van konsepsie tot die dood toe. Daar is geen menslik ervaring wat Hy nie ook deurgemaak het nie. Hy is waarlik dië *Seun van die mens*, die verteenwoordiger van alle mense. Hy is ook versoek soos alle mense, en het voor geen versoeking geswig nie. Hy het geleef soos God wou gehad het, alle mense moes lewe. Hy het God die Vader lief gehad met sy hele hart, met sy hele verstand en met al sy kragte. Hy het God eerste geplaas soos God dit reeds van Adam en Eva verwag het, maar met die eerste versoeking het hulle reeds gevaal en hulle eie belange eerste gestel. Hulle, Adam en Eva (en alle mense) wou graag self eerste staan, wou graag self God wees en kon die heerlikheid van God nie gestand doen nie. Maar Hy, Jesus Christus, is die ware mens, sonder sonde, flekloos en rein. Hy het is geskik om as ware Hoëpriester op te tree.

(3) Maar meer nog, Hy het nie net op aarde sondeloos geleef nie. Hy het ook deur die hemelruimte gestap. En weereens neem die skrywer van Hebreërs ons op na 'n bo-natuurlike sfeer. Ons ken nie noodwendig die kragte en magte in die natuur nie, maar die mense destyds was wel bewus dat daar onder die hemelruimte baie magte was. Jesus Christus stap deur daardie hemelruimte en plaas al daardie magte onder sy beheer. "Aan my is gegee alle mag in die hemel en op aarde ..." verklaar Jesus in Matt 28:28.

En waarom sou dit nodig wees om dit vir die gemeente te verduidelik? Dalk was daar onder die lede wat juis dan nog ander magte gevrees het. Veral onder die Grieke van die gemeente het geglo dat die hemelruimte gevul is met verskillende geeste. Sal hulle dalk nog 'n invloed op ons lewens mag hê? Is God

werklik by magte om alles onder sy beheer te hou? Waarom word Christene dan nog vervolgt? Waarom is daar oorloë en slagoffers van aardbewings? Waarom is daar 'n insinking in die wêreld ekonomie en bly 'n derde van die wêreldbevolking in elende? Is God werklik in beheer?

So mag ons vra, maar die antwoord is duidelik op hande. Daardie Jesus Christus het deur alle sferes van die wêreld en die hemelruimte gevaar en alle magte is aan Hom onderworpe, sodat daar op geen oomblik meer twyfel sal wees nie dat God ons wel sal kan help nie, op die tyd wat Hy bestem het.

Liewe gemeente, “die versoeking” is vandag se tema. Is jy al in versoeking gelei? Worstel jy met vrae wat jou daaglikse blydskap verhinder? Het jy 'n innerlike geveg wat jou lewendige verhouding met die Here verhinder? Of miskien twyfel ook jy of God regtig by magte is om jou situasie te verander?

Dan word ons opgeroep om God met alle vrymoedigheid te nader. “Ons Vader wat in die hemel is ...” roep ons Hom aan. En Luther verduidelik in die klein Kategismus: God wil ons met hierdie bede lei om te glo dat Hy ons regte Vader en ons sy regte kinders is, sodat ons Hom met vrymoedigheid en volle vertroue iets mag vra soos kinders hulle lieue vader ook vra.

Laastens bly net nog een opmerking oor die Hebreërs: **doen dit dan nou!** Kom in God se teenwoordigheid. En jy doen dit in jou daaglikse stiltetyd. Praat met jou Skepper en Verlosser, met jou Vriend en Saligmaker, Jesus Christus. Bely aan Hom jou tekortkominge en weet: Hy dra jou, Hy versterk jou, Hy gee vir jou sy Gees van waarheid.

En jy doen dit deur hier na die erediens toe te kom, hier in sy teenwoordigheid. Hier, voor sy altaar bely jy en ontvang jy. Wat ek as pastor vir jou sê, sê ek namens Christus: jou sondes word vir jou vergewe! En jy kom in alle vrymoedigheid na die altaar toe, na die nagmaal - en jy ontvang Hom wat gesê het: Dit is my Liggaam - vir jou gegee! Dit is my Bloed wat vir jou gestort is tot vergifnis van sondes. En wanneer ek weer as predikant my hande ophou, doen ek dit namens God: Die Here sien en behoed jou! Die Here laat sy aangesig goedgunstig oor jou skyn, en gee vir jou vrede!

Mag ons in die lewendige verhouding met die Here so versterk word dat ons God inderdaad in alle nood aanroep, aanbid, loof en dank. Amen.